

**Skriflesing:** Mattheus 13:24-30; 36-43

Teks: **Mattheus 13:30**

**Sing- Ps. 8:2,4; Ps. 32:5; Ps. 60:4; Ps. 78:1,23**

**Mattheus 13:24-30**

**Mat 13:24** 'n Ander gelykenis het Hy hulle voorgedien en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het;

**Mat 13:25** maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan.

**Mat 13:26** En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook.

**Mat 13:27** En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?

**Mat 13:28** En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?

**Mat 13:29** Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uitrek nie.

**Mat 13:30** Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.

**Mattheus 13:36-43**

**Mat 13:36** Nadat Hy die skare weggestuur het, het Jesus huis toe gegaan; en sy dissipels het na Hom gekom en gesê: Verklaar vir ons die gelykenis van die onkruid in die saailand.

**Mat 13:37** En Hy het geantwoord en vir hulle gesê: Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens,

**Mat 13:38** en die saailand is die wêreld. Die goeie saad—dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose,

**Mat 13:39** en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele.

**Mat 13:40** Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld:

**Mat 13:41** die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen,

**Mat 13:42** en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal gewees wees en gekners van die tande.

**Mat 13:43** Dan sal die regverdige skyn soos die son in die koninkryk van hulle Vader. Wie ore het om te hoor, laat hom hoor.

**Skriflesing:** Mattheus 13:24-30; 36-43

Teks: **Mattheus 13:30**

**Sing- Sing- Ps. 8:2,4; Ps. 32:5; Ps. 60:4; Ps. 78:1,23**

Geliefdes in die Here - Rondom die gelykenisse is deel van die geheim om ook die verskillende gelykenisse met mekaar in verband te bring. Die vorige twee gelykenisse waarna ons gekyk het, dié van die saaiër waar die saad op die verskillende plekke gesaai is, ook die volgende Sondag was ons by die saad wat vanself groei. Hier was 'n sterk positiewe ingrypende krag ten toon gestel. Daar sal groei wees, daar vind sterke groei plaas, dit dring deur dat selfs vrug nie uitgesluit is nie. Die een wat saai het rede om te bly saai. Later sal ons ook kan wys op die mosterdsaadjie, kleinste van alle sade, tog word dit 'n boom om mee

rekening te hou. Klein bietjie suurdeeg wat kan deurwerk tot 'n omvattende deeg. Alles sterk en deurtastend in die mate wat die gelykenisse met mekaar saampraat.

Die gelykenis wat ons vandag saamgelees het, laat ons besef al die pragtige en kragtige getuienisse wat oor die saad gelewer kan word, is op geen stadium maklik in wat verder gebeur nie. Die saaiër kan met die beste bedoeling wat daar mag wees die beste van saad wat daar mag wees op die beste van grond wat daar kan wees saai, dan sal hierdie saaiër op geen wyse gevrywaar word wat in vandag se gelykenis na vore kom nie. Daar kom die skadukant, waar jy ook al is, wie jy ook al is, die beste van bedoelinge gaan geraak word. Moet nie naïef wees en dink terugslae en teleurstellings gaan daar nie wees nie.

\*\*\*

Daarom bevat hierdie gelykenis eintlik iets van 'n ontsteltenis. Dit gryp diep, die koninkryk van God word direk hierdeur geraak. Dit sal dan ons eerste punt wees, watter ingrype vind hier plaas. In die tweede plek die regstelling, die remedie, wat die mens in die tussentyd daar wil stel. In die laaste plek dan word ons daarop gewys wat God se bedoeling is, nie net met goeie saad nie, maar ook met die slegte onkruid.

**Die ingrype wat saad en grond raak:**

Die saad wat ons nou in so baie van die gelykenisse al van gehoor het, dui in die meeste gevalle op God se Woord. Die Woord van God moet gesaai word, dit moet orals val, daar moet na die Woord gekyk word as saad van God. God sorg vir hierdie Woord wat ons moet saai. Wie vandag se gelykenis hierin onderskei sal agterkom skielik is hier nou 'n klemverskil! Nou word mense, God se mense, die ware burgers van God se koninkryk word ook as saad voorgestel. Hulle wat deur die Woord geraak is, hulle het kinders van God geword, die saad wat hulle gemaak het wat hulle kan wees maak dat hulle wéér saad vir God word. Nou kom ons by die ingrype wat die saad en die grond raak. Ons as mense wat op Koninkryksgrond koninkrykswerk moet kan doen, is met die Woord van God, die saad van God besig. Die Woord van die Here is die beste wat daar kan wees. Dit word met ywer en verwagting gesaai. Dan daal die skemer oor daardie saad wat reeds in die grond lê en dit word nag en op geheimsinnige wyse loop 'n vyandige gestalte oor dieselfde grond waar die goeie saad reeds geval het en hy saai saad wat op dieselfde grond val.

Nog erger, in die Grieks kom dit duidelik uit, die saad, die onkruid (- letterlik zizanien ζιζάνια uit die darnel familie van baster-koring/ ook dolik genoem) wat die vyand saai is selfs nie in hoe die saadjies lyk te onderskei van die goeie saad nie. Die vyand doen sy

saaiwerk met helse vreugde! Die voorkoms lyk presies dieselfde. Hierdie kontra-saad en saai proses is van die begin af ingrypend en kragdadig op dieselfde grond uitgesprei. Al verskille wat daar aanvanklik was, die een saai toe dit nag was en dit wat hy saai sal eers later uitgewys kan word. Hy doen wat mense nie dadelik van weet en nie dadelik kan onderskei nie en hy doen dit milddadig. Dan verdwyn die vyand, stilletjies die nag in. Die feit is daar is geen tekort aan saad wat in die nag geval het nie!

Hier gebeur iets vyandig maar ook so bedrieglik. Die bedrieglike nl. dat hierdie kamtige koring op die einde geen koring is nie, maar selfs die werkers is verward. Daarom dan ook die werkers se ietwat vreemde vraag: *Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan?* Die verwarrende spuit dikwels vanuit die bedrieglike voort. Op sigself is mens baie keer rondom sake verward, soveel makliker as die verwarring vanuit die bedrieglike spruit. Dit wat hierdie mense in vreugde op die land wou aanskou, nou is hulle daarvoor hoogs ontsteld. 'n Ontsteltenis en verwarring wat hulle eienaar aanhoor maar hy is nie van stryk nie. Daar spreek nugtere insig en diepgaande sekerheid in wat hulle eie eienaar hulle meedeel. 'n Vyand, *ja 'n vyandige mens het dit gedoen...*

Dan is dit asof die werkers net rooi sien. Hulle wil ingryp en uitruk, hulle wil hierdie onkruid uitroei. Dit bring ons by ons tweede gedagte:

**Die remedie (regstelling) wat die mens daar wil stel:**

Is dit nie verstaanbaar nie, broeder en suster? In alle geval die mens se begrip van reg en dit wat geregverdig lyk kan mens dikwels vinnig tot konklusies forseer. Die spoed waarteen die mens die reg wil aanspreek kan dikwels nie bereken word nie. Te vinnig vir woorde...! Dit lyk op die oog af nie net geregverdig nie, maar selfs dringend en logies. Dit is sulke dreiging wat ons in die akker van die lewe en tussen die mure van ons bestaan dikwels groot parte mee speel. Jesus is egter die Een wat die mens se dringende logika en ons sin van regverdigheid dikwels tot in die kleinste veseltjie moet afsny. Hoe stompsinnig en kortsigtig kan ons as mense nie wees nie. Ons denke om te dink ons kan met wilsbesluit en eie krag die kwaad in hierdie wêreld uitroei... kan ons?!

\*\*\*

'n Keer het Jesus, kort voor sy opneming na Jerusalem wou reis. Hy het deur 'n dorp van die Samaritane wou gaan maar hulle het Jesus nie wou ontvang nie. Toe Jakobus en Johannes dit beleef is hulle op hulle perdjie... *Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elía ook gedoen het?* Luister mooi die manne se betoog, hulle beroep

hulle op God se Woord, ja soos Elia dit ook gedoen het, dit gee ons gedagtes vuur. Die Here het omgedraai en hulle bestraf en gesê (Luk. 9:55-56): **55...** *Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie;* **56** *want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red.*

Hoe getrou is Jesus in wat Hy is en in wat Hy doen. Die twee manne wat so na vuur wil gryp, wat die onkruid in die Samaritaanse dorp wil uitruk, Jesus het hulle die dag toe Hy hulle geroep het, die naam gegee van Boanerges. Ons lees uit Mark 3:17- **17** *en verder Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, die broer van Jakobus—aan hulle het Hy die bynaam Boanérgees gegee, dit is, seuns van die donder—* Hulle twee wil nou doen wat hulle bynaam al gesê het, maar meer belangrik is om raak te sien en te doen wat hierdie gelykenis ons wil sê. Of dit nou die mens se karakter, sy opvoeding, sy temperament, dinge wat erflik is wat maak dat iemand seun van die donder genoem word, dit mag so wees, maar God bring sulke kinders tot orde.

Ja, om die vertaling as “seuns van die donder” meer tot sy reg te laat kom waar ons gelykenis ook lig werp gaan die woord met die “donder” vertaal, gepaard met ’n woord wat ons ook in Psalm 2 lees- **1** *Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge?* Daardie woeligheid van die mens, wat dui op hoe ons so geraas kan maak, terwyl ons eintlik die ware betekenis mis. Die mens wat die akker te vinnig wil omwoel terwyl die tyd nie reg is nie.

\*\*\*

Vir die mens met die ruk-uit en keer-om houding, hulle wat hulleself as seuns van die donder in hierdie lewe wil laat geld, hulle mag selfs voorgee dit is hulle verantwoordelikheid om te bewaar deur uit te roei. Min weet hulle waartoe God ons roep. As die tyd nie reg is nie dan is dit die mens wat met God se barmhartigheid wil mors. Wat is meer verskriklik as dit?! As die mens wil uitroei waar God nog genade wil skenk. So word mense wat die Woord moes hoor, weggejaag want glo ander hulle is die gelowiges wat weet waarom die onkruid nou en hier uitgeroei moet word. Hulle vergeet wat Jesus aan die seuns van die donder gesê het... Hy *het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red.*

\*\*\*

Broeder en suster, ons mag vra maar watter verdraagsaamheid is hierdie? Dadelik moet ons daaraan toevoeg die Here van hierdie gelykenis wat in die saaiër van die goeie saad die woord voer is heilig in wat Hy is en in wat Hy doen dit. Daar is geen manier dat Hy die erns en die hoeveelheid van die onkruid onderskat nie. Dit wat sy arbeiders vir Hom gesê het, dit

weet Hy. Hulle bring hom nie op hoogte van sake nie, niemand van ons kan ooit dink ons is die mense wat die Here op hoogte van sake moet bring nie. Juis die feit dat die onkruid so baie was en heeltemal in die koring versprei en verstrengel groei bring die diensknegte in benoudheid. Die huisheer het egter nie die diensknegte in hulle benadering gelyk wou gee nie. Die diensknegte sê: *Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak?* Die huisheer wat uit God spreek het egter 'n duidelike antwoord- *Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie.*

\*\*\*

Die mens se regstelling en God se regstelling, die remedie vanuit die hemele en dié vanuit die aarde is nie dieselfde nie. As gelowiges op hierdie aarde, kinders van die Here, deel van sy kerk in hierdie tyd en op hierdie plek, nog méér belangrik, waar dit gaan om God se koninkryk, moet ons besef daar gaan op hierdie aarde baie goddelose mense wees, hulle word al meer. Daarvoor moet ons nugter wees. Die lewe van die kerk wat die koninkryk van God soek gaan met stryd, spanning en konflik te doen kry. Ons vind dit moeilik dat die onkruid op die land wat tog die Here se land is, onaangeraak moet bly waar dit vir ons lyk ons moet ingryp.

Veral as dit lyk dit met die onkruid eintlik baie goed gaan. Dit wil voorkom dit groei selfs sterker en vinniger as die goeie saad. Dit maak dat die huisheer die vermaning tot net nog groter versigtigheid vooropstel. Die wortels van die onkruid raak so gestrengel met dié van die goeie saad dat wie die onkruid nou gaan uittrek gaan meer vernietiging veroorsaak as wat daar redding gaan wees. Vir elke stukkie onkruid wat uitgetrek word, is die kans goed om terselfdertyd dubbel meer van die goeie koring uit te trek. Daarom gee die huisheer nie net die verbod tot uittrek nie, maar hy gee ook 'n opdrag dat die koring en die onkruid saam moet groei. **30** *Laat altwee saam groei tot die oes toe...* Dan kan die koring uitgetrek word en die onkruid gaan dan saam uitkom. Dan is die rolle omgekeer. Die huisheer maak dit baie duidelik- as dit die oestyd is, sal daar vir die arbeiders gesê kan word- *Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur.*

Geliefdes dit laat ons vanoggend na die laaste in hierdie gelykenis kyk as ons mag raaksien:

**Dit wat God se bedoeling is, nie net met goeie saad nie, maar ook met die slegte onkruid:**

Die dissipels het nie kon verstaan wat wil die Here hier vir hulle sê nie. Jesus het daarna soos met die gelykenis van die saaiër vir hulle daarna die verklaring oopgemaak waar elke onderdeel van die gelykenis eintlik weer voor ons kan afspeel.

Ons kry net al die punte eers saamgevat. Die een wat die goeie saad gesaai het, is net die Here wat dit kon doen. God Self is aan die werk. Die land waarop Hy saai is die hele wêreld, maar nou is die goeie saad hier op 'n besondere wyse nie as God se Woord aan die werk nie, maar hier onderskei die Here die goeie saad as mense, as gelowiges wat in hierdie wêreld uitgesprei is, die goeie saad is hulle wat die Woord van God uitdra. Die gelowige mens word God se saad. Dit is iets om te onthou en om altyd verder te neem. Die gelowige moet die Woord van die waarheid in alle opsigte orals uitdra en versprei.

\*\*\*

So staan die eerste en hierdie gelykenis dan weer op gemeenskaplike grond maar die geheime saaiër, die een wat die nag die saaiwerk doen, is Satan self, daardie saad wat van sy kant opkom is hulle wat uit die werke van die duiwel groei en nie ophou om hulle ongeloof ook die wêreld vol te saai nie. Baie keer sal hulle as gelowiges hulleself kan voordoen, hulle lyk so naby dit wat die gelowige moet wees. Ons beseft soos die Woord van God orals versprei moet word, so het die satan ook sy sending. Hy wil ook sy boodskap die wêreld deur versprei en laat ons nie ons misgis nie. Satan doen dit. Daar is baie wat met hom saamwerk!

Daarom dat die Here se bedoeling met die onkruid is heel duidelik. Daar kom 'n tyd wat dit geheel en al van die koring geskei sal word. Die korrels van die oes kan nie ook saamgevoeg word nie. Hierdie daniel oes wat die korrels wel weer met die koring verwar sou kon word, is galbitter en is boonop giftig. Mens kan dit nie eet nie. Dit is van die uiterste belang dat die tyd van skeiding moet daar wees. As die koring met hierdie onkruid saam gemaal sou word, dan is te laat. In die meel stadium kan dit nie meer geskei word nie. Dan is alles tot niet.

\*\*\*

Die Here se bedoeling met die goeie oes is wel om die oes te beskerm en in te samel. Presies waarvoor die Here sy kerk in die hierdie wêreld gestel het. Geloof en geduld moet hand aan hand gaan. Geduld met hulle wat nie voldoen aan wat God van sy kinders verwag nie maar ook die geloof dat God wel as hulle nie wil luister nie, hulle sal oordeel. Moet egter nie wil

ingryp en die moeilikheid groter maak as wat dit reeds is nie. Daarmee word niks opgelos nie.

Dit neem nie weg dat daar baie oor die onkruid en met die onkruid as dit in menselewens uitkom, mee gehandel moet word nie. Dit is nie 'n geval van die onkruid is nou maar daar en nou moet ons vrede daarmee hê nie. Daarvoor staan Matt.18:15-20 heel duidelik wat ons ook ken as die weg van Matt.18. Ons moet 'n pad stap om diegene wat in die akker van God se Woord teen God oortree, die broer wat sondig, hy wat op sy manier onkruid saai moet meegewerk word om hulle terug te wen. Nooit is dit 'n geval van laat alles nou maar net los nie.

\*\*\*

Die fyn lyn moet getrek kan word. Eenkant moet ons duidelik en hard die Woord verkondig, selfs die onkruid in mensgestalte moet dit hoor, maar dan ook weer met die gesindheid van Matt. 7:1-2: *1 Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. 2 Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word.*

\*\*\*

Dit laat ons net beseft om in hierdie lewe vir God te lewe, om waarlik kerk vir die Here te wees het baie ook met stryd en teenstand te doen. Met oorleg en fyn aanvoeling moet daar onderskei kan word. Elkeen is aan die onkruid blootgestel. Dit groei rondom ons, maar ons wat nie net die saad van die Woord moet saai nie, maar wat self saad vir God moet wees moet nie net die koninkryk in jou hart dra nie maar dra ook vrug in God se koninkryk. Wanneer ons hierdie vrug begin dra word ons uit die vrug gevorm tot saad wat God in sy diens wil gebruik. So ook hy wat later vandag in die amp bevestig sal word.

\*\*\*

Op die einde is dit eensydig om hierdie gelykenis net die gelykenis van die onkruid te noem. Veel meer kan ons dit eerder noem die gelykenis van die oes. Dit gaan nie daaroor dat die onkruid 'n onvervreembare reg het nie, dit mag nooit so gesien word nie. Al mag dit ook lyk of daar 'n tyd kan wees dat die ware kerk 'n soort van magteloosheid beleef teen wat op God se akker aan die gang is, dan is dit glad nie die geval nie. Daar word met oorleg en wysheid gewerk al voel ons partykeer moedeloos en raak oor raad baie verleë soos die diensknegte hier, maar wees verseker die oes gaan skeiding bring. Dan tree die finale maatreëls in plek .

Dan beseft ons daar was nooit 'n tyd wat die oorsprong van die saad dieselfde was nie, ook sal die uiteinde nie dieselfde wees nie, al het die dig teen mekaar gestaan, selfs saamgegroeï,

nooit kan goed wel sleggemaak word en sleg goed gemaak word as dit die dag van oordeel sal wees nie.

Ons kan afsluit met wat die Here deur Paulus so duidelik in aansluiting by hierdie gelykenis ons openbaar- *5 Daarom moet julle nie voor die tyd oordeel, voordat die Here kom nie, wat die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoelinge van die harte openbaar sal maak; en dan sal elkeen lof van God ontvang.* Dit saamgelees met 2 Tim 2:19 - *19 Ewenwel, die fondament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is; en: Laat elkeen wat die Naam van Christus noem, afstand doen van die ongeregtigheid.*

Wanneer die vuur van oordeel die onkruid tref mag dit wees, broeder en suster, dat ons dan steeds sal skyn soos die son in die koninkryk van ons Hemelse Vader. Kortom besef ons hier vandag, moet nie dink jy gaan met jou persoonlike insette die kwaad uitgeroei kry nie, nog minder as die tyd nie reg is nie. Direk hiermee saam moet nie brandstigter met hemelvuur wil wees nie, jy gaan jou eie hande verbrand. En net so belangrik in die besef dat daar wel in hierdie lewe so baie onkruid is maak dat ons nie net die onkruid moet erken nie, maar laat dit ons wel versigtig genoeg om nie daarmee vernietig te word nie. Wees uiters versigtig!

AMEN